

Musikale Wansmaak In Ons Kerke



IE besonder interessante en waar-derende artikel van dr. G. Dekker oor die nuwe psalmberyming van Totius laat ons met verlange uit-sien na die verskyning van die bundel. Te oordele na die voor-beelde wat hy aanhaal, staan die bewerking deur ons gevierde dig-ter 'n hele end uit bo die bestaande Hollandse beryming en sal dit 'n groot aanwys vir ons kerke wees. Mettertyd sal seker ook die gesange in Afrikaanse

gewaad verskyn, en dis te hope dat die vertalers daarvan net so goed sal slaag as Totius met die psalms.

Maar daar is nog 'n ander doel waarna ge-streef word. Dis 'n versameling nuwe sangwyse vir 'n groot aantal psalms en sommige gesange. Dis egter te betwyfel of die pogings daartoe die-selwe sukses sal hê as die Afrikaanse beryming. Die begeerte daartoe is al taamlik oud. Reeds in 1895 het by die firma Jacques Dusseau en Kie. in Kaapstad 'n bundel psalm- en gesangwyse ver-skyn, waarin die melodieë tot hul oorspronklike ritme teruggebring en by 42 psalms en 31 gesange nuwe wyse gevoeg is. Dis die werk van die Hol-landse komponis Daniël De Lange. Hy en sy broer Samuel was musici van naam, wat tot ver buite die grens van hul eie land, ja selfs tot in Amerika, bekend was. Daarby was hulle gelowige Christene, sodat die werk om melodieë by ons kerkliedere te maak seker aan die regte persoon toevertrou was. De Lange het dit nl. nie uit eie beweging nie, maar in opdrag van die Kaapse Sinode gedoen. Daar was deur daardie liggaam 'n kommissie benoem om te sorg vir verbetering van ons kerkgesang. In die Voorberig van die boek maak die Kommissie die volgende opmer-king:

1. Dat er nieuwe wijzen moesten worden vervaardigd in plaats van die psalmwijzen (een tamelijk groot aantal) en gezangwijzen (zeer weinigen) die of geheel, of bijna geheel onzingbaar zijn. Dit is gedaan, en deze nieuwe wijzen zijn onder de oude geplaatst.
2. De rythmus bij de psalmen is bewaard, zodat komt de gemeente eens weer rhythmisch te zingen, zij daartoe de middelen voor zich heeft, en zoolang zij niet rhythmisch zingt, het gemakkelijk genoeg is, de noten te behandelen alsof zij van denzelfden toonmaat zijn.
3. Hieronder is geplaatst een „Muziek-onder-wijs” waari: getoond wordt hoe de noten van dezen toonvorm overgezet kunnen worden in den „Tonic Sol Fa” toonvorm. De Synode heeft de uitgave gewild in beide toonvormen; de Commissie zag er, vanwege de kosten, geen kans toe. In latere uitgaven zou men er aan kunnen doen.”

Die laaste opmerking gee ons, nes 'n strooitjie wat die rigting van die wind aandui, 'n aan-wysing van die invloed waaronder die opdrag gegee is. Wat hier „toonvorm” genoem word, is die notasie van sangstuk. Die „Tonic Sol Fa” is nl. 'n skryfwyse wat by die sangonderwys maar net in Engeland en die lande onder Engelse in-vloed gebruik word. Ook is dit 'n bekende feit dat in die laaste kwart van die vorige eeu die kerkdienste in die Kaapkolonie gedurig meer op Engelse lees geskoel is, en heel moontlik sou daardie invloed deurgewerk het tot nou toe, as nie die driejarige oorlog die skaal na die ander kant laat sak het nie. Die Engelse gefigureerde kerksang is vir jongmense, en veral vir mense met min musikale ontwikkeling, aantrekliker as ons Gereformeerde gewyde gesang. Die vernaam-ste karaktertrek van laasgenoemde is plegtig-heid. Toe die beroemde Engelse prediker Gipsy Smith in 1903 in ons land was en vir die eerste maal in die Groot Kerk in Kaapstad die Hol-landse psalms hoor sing, roep hy uit: „How solemn!”

deur

O. van Oostrum

'n Ander strooitjie is die wens om weer ritmies te sing: dit sou ons nader bring aan die Engelse kerkmusiek. Maar as 'n mens die melodieë in hul oorspronklike ritme hoor, kan 'n mens goed verstaan hoe dit gekom het dat hulle in die Hol-landse kerke onopsetlik verander het in korale met note van gelyke lengte, want hulle is in baie gevalle te gekunsteld om as gemeentelike gesang stand te hou. As 'n groot menigte mense sing, is daar altyd 'n neiging om stadiger te sing as wat die lied vereis. So byv. as by 'n volksfees die ou Transvaalse volkslied of *Die Stem van Suid-Afrika* gesing word, sal jy altyd hoor dat 'n deel van die menigte agteraan kom, nieteenstaande daar 'n musiekkorps is wat die tydmaat aangee. Vermoedelik het De Lange die bedoeling van die Kommissie ook nie heeltemal goed verstaan nie: waarskynlik het hulle bedoel dat die wyse net maar verander word in „hele en halwe note,” soos byv. Ps. 124 soms in geselskappe gesing word. Die meeste wyse in die bundel van De Lange is ook werklik so ingerig, maar by party ander kom daar soveel sinkopes (verplasing van die aksent) en soveel verandering in die tydmaat van een en dieselfde wys voor, dat dit 'n kunstenaar vereis om dit goed te sing.¹⁾

Die eerste punt van die Kommissie is gewigtiger. Daarin word gevra om heeltemal nuwe wyse in die plek van psalm- en gesangwyse wat heeltemal of amper heeltemal „onsingbaar” is. Hier het die Kommissie hom baie ongelukkig uitgedruk. Onsingbaar! Maar ons vaders het hulle gesing, en baie van die wyse wat bedoel word, word nog steeds in die (enkel) Gereformeerde Kerk gesing, en goed gesing ook. Bedoel is seker om wyse af te skaf wat nie meer met ons moderne musikale smaak ooreenkom nie. Die Kommissie het 'n aantal psalms en gesange spesiaal genoem, soos opgemaak kan word uit die toeligtings van De Lange self. Onder die „on-singbare” word dan genoem die innig klaende wys van Ps. 22, die diep skuldbelydende en sme-kende wys van Ps. 51 en enkele ander van dié soort; maar ook selfs Ps. 103 en die mooi en mak-like wys van Ps. 113. 'n Mens wonder volgens watter beginsel die Kommissie te werk gegaan het om 'n keuse te maak van wyse wat verwerp moet word. En onder die verwerpe wyse is daar sommige waarvoor De Lange hom verplig gereken het om sy eie oordeel teenoor dié van die Kom-missie te stel. Hy sê:

„De door mij bijgevoegde nieuwe melodieën zijn door de opdrachtgevers gewenscht. Het ver-wijft, eenige zeer schoone melodieën (b.v. Ps. 24, 51, 130, Gez. 17, 36) te hebben willen verbe-teren (hierdie spasiëring is van homself) kan dus mij niet treffen.”

Hy verwag blykbaar dat musici, manne van die kuns, hom daarvoor sal aanval, en hy verdedig hom by voorbaat deur te verklaar dat dit nie hy is wat daardie wyse afkeur nie, maar die Kom-missie van die Kaapse Sinode. Daarin lê bedek-telik 'n beskuldiging van gebrek aan musikale smaak by die sinodale here opgeslote. Onder die wyse wat die toenmalige Sinode afgekeur het, is, naas 'n aantal wat werklik te stroef is om aan ons moderne smaak te voldoen en nie meer die ontroering wat die woorde by ons wek, versterk nie (want dit behoort 'n goeie sangwys te doen), egter ook 'n aantal waarvan dit jammer sou wees as ons hulle moes verloor. Daar is byv. Ps. 22, die lydenspsalm by uitnemendheid. Dit word by ons nooit gesing nie. Onsingbaar? Nee, glad nie,

¹⁾ Dis ook opmerklik dat baie mense nie praat van die „wys” van 'n psalm of gesang nie, maar van die „wysie.” Vir hulle staan dit gelyk met sommer 'n liedjie. Miskien is dit ook onder die invloed van die Engelse kerksange, wat meer op liedjies lyk as op die plegtige Hollandse psalms.

baie goed singbaar en aangrypend van skoonheid, en in Holland word dit in die lydensweke nie alleen by die (enkel) Gereformeerdes nie, maar ook in honderde, ja duisende Hervormde gemeen-tes gesing. So gaan dit ook met Ps. 51, een van dié waarvan De Lange verklaar dat hy nie so vermetel sou wil wees om dit te probeer verbeter nie. En daar is nog verskeie ander wat by ons onder dieselfde ban lê.

Dit skyn dat die Sinode van destyds veral ge-kant was teen die mineurwyse; hulle het nie daarop gelet nie dat hulle voorkom by woorde wat ook in mineur staan. En tog, onder dié wat verwerp is, is daar ook 'n aantal wat in die majeuretoonard staan, maar in plaas van op *do*, op *so* eindig, soos byv. Ps. 103, Ps. 113 en Ps. 139.²⁾ Al drie is mooi wyse, en dis tog seker on-gemotiveer om hulle te vervang.

Daar is egter 'n paar wyse wat ek graag nader wil bespreek. Dis Ps. 130 en Ges. 123.

'n Algemeen erkende grondreël vir sangwyse is dat die melodie in ooreenstemming moet wees met die inhoud van die lied. Niemand, al het hy ook hoe min smaak, sal 'n bruilofslid sing op 'n treurwys nie en net so min 'n begrafnis begelei met dansmusiek. Dit vloek so grof teen mekaar dat selfs die ongevoeligste mens daardeur afgestoot word. As 'n wys goed is, moet dit die emo-sie wat die woorde wek, versterk: by woorde van blydschap moet die melodie blydschap uitdruk; by woorde van kalme berusting behoort 'n melodie van kalme berusting, vgl. byv. Ges. 22; en druk die woorde droefheid uit, dan moet die wys ons in 'n droewige stemming bring.

Maar in party van ons kerke vier die wan-smaak op die stuk van sang hoogty. Daar word nie gevra na die inhoud van die lied nie, maar: „Wat is die maatskema?” d.i.: „hoeveel letter-grepe bevat die reëls?” En as dan die wys, deur-dat die predikant toevallig selde of nooit die betreffende, psalm of gesang laat sing het nie, by die gemeente minder bekend is, soek die orrelis 'n ander, meer bekende wys; en as die aantal lettergrepe met die opgegewe vers ooreen-kom, speel hy of sy daardie wys en laat die ge-meente dit sing sonder om op te let of woorde en melodie bymekaar pas.

Wat 'n skok het ek gekry toe op 'n Sondag in 1903 op Vryheid psalm 130 opgegee is om te sing en die dame wat die orrel bespeel het, ons die wys van Ges. 7 daarop laat sing. Nou, Ges. 7 se wys is pragtig, ja, by daardie woorde onoortref-lik. Merk maar op hoe die berge hoog opspring en die dale na die diepte gaan; hoe die „gedag-tes” in die 5e reël „swewe” en in die 6e reël „styg” en hoe die melodie by die woord „overal” in die laaste reël die indruk maak van 'n breë swaai met die arm om die idee van „oral” uit te druk. Maar Ps. 130 is 'n klaagsang, die klaag-sang by uitnemendheid in ons psalmboek, 'n psalm van diep droefheid en vurige smeking om uitredding. En nou kom daardie orreliste en laat ons dit sing op een van die skitterendste juigwyse uit ons boek. En dat dit nie sommer toevallig was nie, het ek later gemerk, toe sy eenmaal op vakansie was en ek haar plek inge-neem het. Toe sien ek dat sy in haar koraalboek by Ps. 130 met potlood aangeteken het: Ges. 7.

Later, in 1909, in Pretoria, is ook eendag Ps. 130 opgegee. In Pretoria, die hoofstad, waar ministers en hoë amptenare die kerkdienste by-woon en selfs professore in die Kerkraad sit, mog 'n mens met reg beter smaak verwag. Daar is dit wel nie op die wys van Ges. 7 gesing nie, maar op 'n ander ongeskikte wys, nl. van 'n Duitse adventslied, 'n lied van blye verwagting van die koms van Christus:

Wie soll ich dich empfangen, ens.

Dit kom ook voor in die Vervolgbundel van die Evangeliese Gesange onder no. 270, en in die nuwe Halleluja-bundel staan dié wys op 'n Pink-sterlied, ook een van blydschap, no. 237. Daar is

(Vervolg op bladsy 87.)

²⁾ Die sg. hypomixolidiese melodieë.

Musikale Wansmaak In Ons Kerke (Vervolg van bladsy 23.)

dit heeltemal op sy plek, maar by Ps. 130 pas dit glad nie. Om die publiek op hierdie misstand te wys, skryf ek toe daaroor in *Die Volkstem*, en dr. Engeleburg, die Redakteur, was dit hartlik met my eens om op dié manier die kerkgangers tot nadenking te bring oor wat hulle sing en hoe. „Seker,” sê hy, „laat ons daaroor 'n diskussie uitlok.” Maar daar het geen diskussie gevolg nie. Was dit onverskilligheid of iets anders? Toe enkele maande daarna weer dieselfde psalm opgegee word, gaan die orrelis maar weer op die ou sleur voor met die blye verwagtingslied. Ek het my toe so vererg dat ek uitgestap het. Dit bring die volgende dag ds. (later dr.) Bosman na my huis. Hy stem met my saam dat die wys in die boek ongetwyfeld beter by die inhoud van die klaaglied pas en belowe my dat die fout nie weer gemaak sal word nie. Maar toe by 'n later geleentheid nogmaals Ps. 130 gesing sal word, was dit maar weer dieselfde: die orrelis steur hom aan niks nie en speel ewe plesierig die wys van Ges. 270.

In, ek dink dit was 1926, het ek die oordeel ingeroep van 'n bekwame musikus. Mnr. John Connell, 'n man van groot naam, was toe sedert enige tyd stadsorrelis van Johannesburg. Ek skryf aan hom dat in ons kerke die beroemde psalm „De Profundis” op drie wyse gesing word, wat ek hierby voeg en vra hom om te oordeel watter een van die drie die beste is. No. 1 was Ges. 7, no. 2 die wys van Jannasch en no. 3 die wys uit die psalmboek. Aangesien hy toe nog geen Afrikaans verstaan het nie, het ek 'n vertaling van die woorde daarby gevoeg. Dit was 'n onberymde, maar streng metriese vertaling, soos volg:

Out of the depth of sorrow
I cry with mouth and heart
To Thee who canst deliver;
O Lord, behold my pain.
O listen to my moaning
And mark my sore complaint;
Lend me a gracious hearing,
For in my grief I die.

Sy antwoord was: No. 1 heeltemal ongeskik: „too square altogether.” (Het ek die wys van Ges. 270 of No. 237 uit die Hallelujaboeke daarby gevoeg, sou sy oordeel van „too square” ook daarop geval het). No. 2 was na sy mening goed en ook wel geskik vir gemeentelike gesang (ek het dit verag, want prof. Jannasch was 'n te groot musikus om by Ps. 130 iets anders as 'n mineur-wys te maak). Maar (en let nou op) hy voeg daarby: „Personally I prefer No. 3 (die wys uit die psalmbundel) as best adapted to the deep gloom of the words.” Daar het ons nou die oordeel van 'n onbevoordeelde en baie bevoegde musikus.

Die ongeluk is dat deur gebrek aan bekwame persone die gemeente op baie plekke tevrede moet wees met die hulp van mense wat nie musici is nie en selfs nie eintlik die naam van orrelis verdien nie; hulle is maar net orrelspelers. Daarby het ook baie predikante geen kennis van musiek nie, en party het dit in gesprekke teenoor my ook ronduit erken. Maar nou word die onbekwaamheid van die een en die onkunde van die ander 'n ekskuus om maar met die kerkmusiek te knoei in plaas van die advies in te win van vakmanne en die gemeente die wyse wat hulle nie ken nie, te laat leer. Daar is heelparty mooi en tewens maklike wyse wat nooit gesing word nie, alleen omdat die gemeente hulle nie ken nie, soos Ps. I, 3, 16, 27, 30 (139), 32, ens. Die psalms wat swaar is om te sing, is gewoonlik ook sulkes wat weens die inhoud tog nie by ons kerkdienste pas nie; die wat wel pas, het in die meeste gevalle goed singbare wyse; alleen omdat hulle onbekend is, is hulle onbeminde.

Ges. 123 word op dieselfde manier mishandel. Dit besing die lyding van onse Heer, toe Pilatus Hom vir die volk wys met die doringkroon op Sy hoof, die gelaat bedruppel met Sy bloed en die rug oopgestriem deur die geselslae. Dit staan in die boek op die beroemde wys van Bach in die Matthäuspasion by die woorde:

O Haupt voll Blut und Wunden

en dan nogmaals op die woorde:

Wenn ich einmal soll scheiden,

Die wys is so treffend vir die woorde dat dit, as dit goed uitgevoer word, iemand die trane in die oë bring. En wat gebeur nou in baie van ons kerke? Daar speel die orrelis (ekskuus, die orrelspeler) hierby die wys van Ges. 7 en dwing ons om te juig in plaas van te klae:

Is dat, is dat mijn Koning?

En by die tweede vers laat hy ons spottend daarop roem dat dit ons is wat Jesus so laat ly:

Ja, ik kost Hem die slagen.

Dit slaan 'n mens dronk dat daar geen proteste uit die gemeentes daarteen opgaan nie. Die orrelspeler (as hy nie 'n musikus is nie) is nog op 'n manier te verontskuldig: hy moet die mense laat sing en hy weet dat baie van hulle, deurdadig hulle dit nie geleer het nie, die heerlik patetiese wys nie ken nie en, om dus sy plig te doen, kies hy maar 'n wys wat hulle ken. As 'n egte musikus die orrel speel, sal hy, wat homself die oppersangmeester voel, in die eerste plaas kennis neem van die woorde wat hy moet begele. Hy neem ook in die meeste gevalle nie 'n koraalboek voor hom, waarvolgens hy al die verse van 'n psalm of gesang op dieselfde harmonieë moet speel nie, want dit gebeur dat in 'n lofsang soms 'n klag voorkom en in 'n klaaglied hier of daar woorde van hoop. Daarom neem hy 'n psalm- en gesangboek met note bo alle verse, en as daar in 'n loflied érens 'n treurige gedagte geuiter word of as 'n klaaglied deur 'n opgewekter toon afgewissel word, rig hý sy harmoniëring daarna in. Ek het eenmaal 'n kerkdienst bygewoon waar ons versoek is om Ges. 165, verse 1 en 4, te sing. Die eerste vers is droefgeestig; dit beskryf die treurende natuur in die herfs; die vierde is vol van 'n blye Godsvertroue. Nou, die orrelis het die eerste vers so geharmonieer dat dit van begin tot end droewig geklink het, maar toe die vierde vers kom, slaan hy oor in majeurakkoorde en gee die lied 'n blymoedige klank. Daardie orrelis was 'n egte musikus.

(Vervolg op bladsy 89)

Musikale Wansmaak In Ons Kerke

(Vervolg van bladsy 87.)

Maar al kan ons die persoon wat die orrel bedien nog wel verskoon, met die predikant is dit anders gesteld. Hy is die hoofleier van die erediens, en hierdie diens bestaan nie enkel uit 'n preek nie, maar ook in 'n werksame aandeel van die gemeente. Daarvan is die sang die hoofbestanddeel. Die predikant kies die verse uit in ooreenstemming met die onderwerp van sy preek, en as hy hoor hoe die wys wat die orrel die gemeente laat sing die stemming waarin die preek hulle gebring het en wat deur die sang moet versterk word, verstaan, dan behoort hy dit onder die orrelis se aandag te bring.

Die fout om die lettergrepe te tel, is in sommige gevalle ook gemaak deur die versamelaars van die Evangeliese gesangbundel. Hulle moes wys hê by die liedere wat hulle vir die bundel uitgekies het, en as daar dan 'n lied was wat totnogtoe nie op musiek gesit was nie, het hulle nie 'n bekwame musikus gevra om 'n melodie daarby te maak nie, maar self rondgesoek om onder die bestaande melodieë een te vind. Daartoe het ook hulle die foefie toegepas om die lettergrepe te tel en dan maar die wys te neem van 'n psalm of ander lied wat dieselfde maat-skema het. So kry ons 'n Avondmaalslied, Ges. 102, op die wys van die boetsalm 51. Daar kom dan nog by dat, terwyl Ps. 51 deur ons kerklike voorgangers vir „onsingbaar” verklaar is, Ges. 102 ook nutteloos in ons boek staan. *Gesang* 51 word wel nou en dan opgegee om te sing, maar hier verplig die gesangboek ons om die blye lied op die wys van Ps. 38 te sing en so treur ons dan:

Jezus is mijn Heer en Koning.

Veral by die laaste reëls:

Wat mij hier ook moog' ontbreken

In die streken (nl. Zijns Vaders woning)

Wacht mij rust en zaligheid

vloek die wys sterk teen die woorde. Tog is hierdie gesang nie opgegee onder die aantal wat die Kaapse Sinode deur De Lange laat vervang het nie. Die oorsaak hiervan is duidelik: die wys was singbaar, en op ooreenstemming tussen die lied en sy sangwys is eenvoudig nie gelet nie.

As daar werklik 'n begeerte is om die sg. onbekende wyse (en buiten dié wat vir ons tyd te stroef is, is daar party baie mooies) weer in gebruik te neem, dan is daar by 'n goeie wil ook wel 'n weg. Die predikant kan byv. die jong-

mense van die Strewers- of ander dergelike verenigings opwek om onder goeie leiding sulke wyse aan te leer. En dan sal hulle vind dat namate hulle die wyse beter ken, hulle genot daarin sal toeneem. Ook is dit 'n goeie plan as, sê in die aand, voor die aanvang van die diens, die koor sulke wyse sing en die mense wat inkom, versoek word om te volg. Dis die praktiese manier van die Heilsleër, maar hulle doen dit ook onder die diens. In Pretoria Oos het ons jare gelede 'n hele paar mooi, maar destyds by die gemeente onbekende wyse op hierdie manier geleer.

Die wyse van De Lange het geen sukses gehad nie en was vir Dusseau 'n groot skadepos. Vermoedelik lê daar nog duisende eksemplare in die pakhuis van die H.A.U.M., wat Dusseau se boekhandel oorgeneem het. En nou is daar weer 'n kommissie besig om nuwe wyse te maak of te versamel. Ek weet nie vir watter psalms en gesange hulle nuwe melodieë wil maak nie, maar as daar verband bestaan tussen hierdie onderneeming en die uitgawe, enkele jare gelede, van 'n nuwe Hallelujabook, dan skyn daar by hulle tog 'n beter musieksmaak en insig in die karakter van ons psalmwyse te bestaan as by die kommissie van 1895. In die nuwe Hallelujabundel is nl. 'n taamlike aantal psalms en gesange opgeneem wat deur die ou kommissie afgekeur is. Die bedoeling sal wel wees om die kinders op die Sondagskool en die besoekers van vergaderings waar die boek gebruik word, hierdie wyse te laat aanleer. Dit sou geen sin hê as daar nie 'n plan bestaan om in die nuwe bundel wat saamgestel word, hierdie ou wyse te behou nie.

Tog is daar nog steeds aanleiding tot vrees. By Ges. 36 vind ons in plaas van die oorspronklike, 'n nuwe wys van ds. De Villiers. 'n Mens moet erken dat hy baie beter geslaag het as De Lange, maar tog staan sy wys in stewigheid en gespiedheid by die oorspronklike wys ten agter. 'n Ander saak wat deur musiekkenners betreur sal word, is die doodvonnis wat oor die wys van Ps. 130 uitgespreek skyn te wees. Immers, in die Hallelujabook staan daarop twee wyse. Die een is maar weer die blymoedige wys van „Wie soll ich dich empfangen?”, waarvan, net soos van die van Ges. 7, gesê kan word: „too square.” Die ander is die „liederewys” van die ou Voortrekkers. Aan hierdie wys is 'n sekere sentiment verbonde, maar dit kan en mag nie die rede wees waarom ons dit

tot 'n offisiële sangwys in ons kerke sou verhef nie. Die Voortrekkers was nie musici nie, en hul liederewys stem ook glad nie ooreen met die „deep gloom” van die woorde nie. Dit is hoogstens geskik om as 'n kuriositeit uit die dae van die Groot Trek bewaar te bly. Die enigste totnogtoe bestaande wys wat by Ps. 130 pas, is die oorspronklike wys uit die psalmboek. As daardie wys moet verdwyn, sal die nageslag ons seker daarvoor blameer.

Ek het grond vir hierdie laaste bewering. Op die gebied van kennis en wetenskap het ons in die laaste halwe eeu met reuseskrede vooruitgegaan: die aantal B.A.'s en M.A.'s oortref ver die gematrikuleerdes van destyds, en die doktore in die een of ander wetenskap is dikker gesaai as toenmaals die besitters van die B.A.-graad. Ook op die gebied van kuns is dieselfde vooruitgang te bespeur. Die skone lettere, die skilder- en beeldhoukuns het suksesvolle beoefenaars, en so is dit ook met die musiek gesteld. Met die meer gevorderde kennis daarvan het ook die smaak verbeter. 'n Kwarteeu gelede moes 'n handel in kunswerke in Johannesburg en Pretoria weens gebrek aan ondersteuning toemaak, maar vandag is daar verskeie Afrikaanse skilders wat van hul kuns leef en val liefhebbers oor mekaar as daar 'n kans is om 'n skildery van Wenning aan te koop. Ons het nou ook al 'n goeie aantal uitstekende Afrikaanse sangers en sangeresse, waaronder ook professionele, en daar is selfs reeds Afrikaanse komponiste. Dit wys daarop dat daar 'n gereelde ontwikkeling van kunssin aan die gang is en dat 'n volgende generasie 'n beter kennis van en smaak vir goeie musiek sal hê as die vorige. As hulle dan later met die afgeskaafte wys van Ps. 130 kennis maak en dit vergelyk met die wys wat dan, deur die werk van die hedendaagse kommissie, in die kerke gesing word, sal hulle verbaas staan en vra hoe dit moontlik was om daardie wys by daardie woorde weg te gooi en te vervang deur 'n ander waarvan die karakter heeltemal in stryd is met die gees van die lied self.

Laat ons hoop dat die Kommissie baie versigtig te werk sal gaan en nog betyds tot die insig kom dat nie alle verandering ook verbetering is nie. Dat daar minder gewenste wyse in die psalmboek staan, is seker waar; maar net so waar is dit dat verskeie mooi en goed singbare melodieë vandag onbekend is en dat dit te betreure sou wees as hulle tengevolge van 'n verkeerde opvatting en smaak sou moet verdwyn.

DIE FRANSE FILMKUNS

(Vervolg van bladsy 47.)

hulself op 'n volkome besneeude terrein bevind waardeur heen êrens die grens tussen Duitsland en Switserland loop. Hulle word deur die Duitse grenswagte ontdek. Laasgenoemde skiet op hulle dog hou meteens op. Hulle het op hierdie on-eindige sneeuvlakte, waarop alles eenders is, oor die Switserse grens gegaan en is in veiligheid! Op pragtige en sobere wyse laat Renoir hier dié

betreklikheid van 'n grens sien — wat hy nog meer aksentueer deur een van die Duitse wagte die opmerking te laat maak dat dit so tog maar die beste is.

Waarom ek so 'n bewondering vir hierdie film het? 'n Mens voel hier nie alleen dat die regisseur volkome agter die inhoud van die film staan nie, maar dit het hom tewens geluk om die toeskouer sy gevoels- en denklewe tot in die fynste besonderhede duidelik te maak. Buitendien het Jean Renoir in *La Grande Illusion* vraagstukke aangeraak wat ons almal daagliks besig hou, vraagstukke wat ons iedere keer weer

op die voorblaai van ons koerante aantref — die vraagstukke van Oorlog, Vrede en Vryheid. En dit gebeur hier nie met 'n eensydige propagandistiese strekking nie, soos in tallose rolprente die geval is. Hier voel jy die *mens*, die regisseur Jean Renoir, wat weet, maar wat ook twyfel, wat ons lei en wat vir ons voelbaar maak wat hy in homself voel lewe. En dit is alleen moontlik as die regisseur self die scenario skryf en daadwerklik die leiding op hom het. Renoir het met hierdie film bereik waarna iedere kunstenaar streef, maar waarin weiniges slaag om dit met behulp van die filmkuns te bereik.